**LAERSKOOL TOTIUS**

**TAALBELEID**

**INHOUDSOPGAWE**

**BLADSY**


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Inleiding | 1 |
| 2. | Doelstellings van die Beleid | 1 |
| 3. | Uitvoering van die Beleid | 1 |

LAERSKOOL TOTIUS

# TAALBELEID

## 1. Inleiding

- Hierdie Taalbeleid vorm deel van die Toelatingsbeleid van Laerskool Totius en derhalwe moet ouers / voogde wat namens hulle minderjarige kinders aansoek doen om toelating tot die grade pre-gr. R – 7 van die skool, hul skriftelik verbind tot kennisname en aanvaarding van die inhoudelike asook die voortspruitende uitvoering daarvan deur die verskillende rolspelers.

- Die taalbeleid sal vir elke leerder van krag bly vir die tydperk wat sodanige leerder ‘n ingeskrewe leerder van die skool bly.

- Die taalbeleid sal aan die einde van elke akademiese jaar deur die skool se Beheerliggaam geëvalueer word en as beleid aanvaar word vir die daaropvolgende akademiese skooljaar – enige wysigings daaraan sal betyds aan huidige of voornemende ouers gekommunikeer word.

## 2. Doelstellings van die Beleid

- Die aanvanklike vestiging van ‘n sterk moedertaal-basis (Afrikaans), aangesien daar van die veronderstelling uitgegaan word dat dit die basis van alle leerareas/vakke is en dat kognitiewe vaardighede vir intellektueel-veeleisende take afhanklik is van die ontwikkeling van die moedertaal.

- Wanneer die leerders se denkvaardighede in hulle moedertaal (Afrikaans) reeds goed gevestig is, sal meertaligheid (met die klem op Engels Eerste Addisionele Taal, Gr. 1-7, en isiXhosa as Tweede Addisionele Taal, Gr.5-7) aandag geniet. Die uitgangspunt is dat meertaligheid ‘n Suid-Afrikaanse realiteit is – wanneer jy ‘n ander taal kan praat, erken jy die taalspreker se bestaansreg. Só kan bygedra word tot nasiebou, ontwikkeling van die individu se volle mensheid en die verbetering van kommunikasievaardighede oor grense heen.

## 3. Uitvoering van die beleid

- Die Beheerliggaam van Laerskool Totius het (inaggenome die oorwegend Afrikaanssprekende voedingsgebied) in ooreenstemming met wetlike bepalings en in nastrewing van hierdie beleid se doelstellings, bepaal dat **die taal van leer en onderrig (TLO) vir Graad RR – gr. 7 Afrikaans Moedertaal (MT) sal wees**, met Engels die Eerste Addisionele Taal (Gr. 1-7) en isiXhosa die Tweede Addisionele Taal (Gr.5-7). In nastrewing van die voorafgaande sal uitvoering gegee word aan die beleid van die Nasionale Departement van Onderwys se leerareaverklarings/vakverklarings wat die grondslag vorm van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) Gr. R – 9 (Skole) in die Algemene Onderwys en Opleidingsband. Ter uitvoering hiervan onderneem die Beheerliggaam om deurlopend die onderwyser-leerder-getalsverhouding te monitor en wanneer nodig geag, uit eie fondse behoorlik gekwalifiseerde

onderrigpersoneel in diens te neem om sodoende onderriggroepe te verklein ten einde onderrigleer doeltreffender te maak.

- Engels sal in uitvoering van die NKV-beleid as Eerste Addisionele Taal in grade 1-7 aangebied word.
  - Deur middel van indiensopleiding sal onderrigpersoneel se onderrigvaardighede in Engels uitgebou word sodat leerders maksimum voordeel mag trek uit die aanleer van Engels.
  - In grade 4-7 sal onderrigpersoneel wat die beste onderleg is in Engels, aangewend word vir die onderrig van Engels Eerste Addisionele Taal.
  - Kommunkasiegeleenthede in Engels, bv. saalbyeenkomste, sal afwisselend met Afrikaans gebruik word.
  - Toeganklikheid tot Engelse media ter uitbouing van leerareaskakeling/vak- en gevolglike voortvloeiende ontwikkeling van kommunikasievaardighede in Engels, sal deurlopend spesiale aandag geniet – bestaande media sal aangevul / uitgebou word.

- Met die oog op die ontwikkeling van veeltaligheid, sal die onderrig van **isiXhosa** as Addisionele Taal in grade 1 (Januarie 2019) en 2 (Julie 2019) deur onderrigpersoneel, en ter aanvulling deur isiXhosa-sprekende persone uit die amaXhosa-gemeenskap, plaasvind.

- In die uitvoering van enige beleidsbepaling sal die finansiële implikasie (op grond van behoeftebepalings deur die Finansiële Komitee van die Beheerliggaam) tydens die Algemene Jaarlikse Vergadering van die Beheerliggaam aan die ouergemeenskap voorgelê word vir goedkeuring en implementering daarvan.

- **Die skool se amptelike voertaal, d.w.s. die taal wat gebruik word in gesprekke, tydens byeenkomste, funksies, ens. sal Afrikaans wees.**

- **Alle korrespondensie aan die ouergemeenskap sal in Afrikaans plaasvind.**

- Die skool sal rekord hou van enige navrae i.v.m. taalversoeke waaraan die skool nie kan voldoen nie, hetsy deur die huidige ouergemeenskap of nuwe aansoeke / navrae om skooltoelating. Die skool sal sodanige versoeke aan Onderwysdistrik Noord kommunikeer.

- Hierdie taalbeleid sal in terme van uitvoerbaarheid deurlopend gemonitor word as deel van die skoolverbeteringsplan.

**LAERSKOOL TOTIUS**

**TAALBELEID**

**2026**

**GETEKEN TE BELLVILLE OP HIERDIE 21STE DAG VAN JANUARIE 2026.**

| | |
|---|---|
| ................................ | ................................ |
| **P. VENTER** | **H. L. BESTER** |
| **BEHEERLIGGAAM** | **SKOOLHOOF** |
| **VOORSITTER** | |